

groeï in liefde 6

– getuig

ross van niekerk



groeï in liefde

groeï in Christus se karakter

1 korintiërs 11:1

Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is.

(ook Fil 4:9)

*In watter van jou gewoontes is jy soos Jesus,
en word jy meer soos Jesus?*

wat is geestelike groei?

om die hart te vernuwe

*geestelike groei is die proses waardeur die reflektiewe **wil** die karakter van Christus aanneem.*

dallas willard,

[impulsiewe wil – reflektiewe wil – ingesinkte wil]

verw: luk 6:43-45; rom 12:1-2; fil 2:13.

hoe gebeur geestelike groei?

dissiplines wat gees versterk in Christus

1 timoteus 4:7

...oefen jou in die godsaligheid.

1 korintiërs 9:27

Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar...

1: woord

studie en oordenking

psalm 119:11

Ek het U woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie.

verw: ps 1:3; joh 15:5-7; kol 3:16; 2tim 2:15

2: gebed en afsondering

mattheus 26:41

Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie.

Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.

verw: ps 46:11; 1pet 5:8; 1thes 5:6, 17.

3: sabbatsrus

markus 2:27

Die sabbat is gemaak vir die mens,
nie die mens vir die sabbat nie.

afsondering van werke | tot God | in verhoudings

verw: gen 2:2-3; deut 5:12-15; heb 4:9-11.

4: danksegging

1 thessalonicense 5:18

Wees in alles dankbaar,
want dit is die wil van God in Christus Jesus
oor julle.

verw: fil 4:6-7; rom 1:19-24; psa 103:1-5; jak 1:17.

groei in liefde 6
getuig



mark 5:15-20

Toe kom hulle by Jesus en sien die besetene sit, gekleed en by sy verstand... En hulle het Hom begin smeek om weg te gaan uit hulle gebied. En toe Hy in die skuit klim, het die man wat van die duiwels besete gewees het, Hom gesmeek om by Hom te kan bly.

Maar Jesus het hom dit nie toegelaat nie, maar vir hom gesê: Gaan na jou huis na jou mense toe, en vertel hulle watter groot dinge die Here aan jou gedoen het, en dat Hy jou barmhartig was. En hy het weggegaan en in Dekápolis begin verkondig watter groot dinge Jesus aan hom gedoen het, en almal was verwonderd.

getuig

die samaritaanse vrou

johannes 4:28-39

Die vrou het toe haar waterkan laat staan en na die stad gegaan en vir die mense gesê: Kom kyk 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Christus nie? Hulle het toe uit die stad gegaan en na Hom gekom... En baie van die Samaritane uit daardie stad het in Hom geglo oor die woord van die vrou wat getuig het: 'Hy het my alles vertel wat ek gedoen het.'

getuig

sodat die nageslag God se krag kan ken

psalm 78:3-8

Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die HERE en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het... sodat die volgende geslag dit kan weet, die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders, en hulle vertrou op God kan stel en die dade van God nie vergeet nie...

getuig

1: vertel van God se werke en karakter

psalm 145:4-7

Die een geslag prys u werke by die ander, en hulle verkondig u magtige dade... En hulle sal spreek van die krag van u vreeslike dade, en u grootheid wil ek vertel.

Hulle sal die gedagtenis van u grote goedheid laat uitstroom en jubel oor u geregtigheid.

getuig

2: wat jy ervaar het

mattheus 11:2-5

En Johannes het in die gevangenis gehoor van die werke van Christus, en twee van sy dissipels gestuur en vir Hom gesê: Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag? En Jesus het geantwoord en vir hulle gesê: Gaan vertel aan Johannes wat julle hoor en sien: blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig.

getuig

3: wat jy ervaar het

1 johannes 1:1-3

Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe...

wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.

getuig

4: wat jy glo

1 petrus 3:15

...wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees;

getuig

5: *hoe jy dit sê maak saak*

kolossense 4:5-6

Wandel in wysheid teenoor die wat buite is, en koop die tyd uit.

Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord.

getuig

6: bekragtig om te getuig

handeling 1:8

...maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees...

getuig

6: bekragtig om te getuig

markus 16:15, 20

En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom...

...hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het saamgewerk en die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het.

getuig

ambassadeurs vir versoening

2 korintiërs 5:18-20

En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou. Ons tree dan op as ambassadeurs om Christus wil...